
1

Afro Mier se avontuur

My liggaam



Afro Mier staan by die snoepietoonbank, maar die mammas kan hom nie sien nie.
Afro Mier staan in die ry na pouse, maar sy klasmaats stamp en druk hom.
In die klas steek Afro Mier sy hand op om 'n vraag te beantwoord, maar die onderwyser sien hom nie.
Toe dit huistoegaantyd word, hardloop Afro Mier om die bus te haal, maar die bus ry sonder hom weg.
Afro Mier is moeg daarvoor om K-L-E-I-N te wees. Hy wil L-A-N-K, G-R-O-O-T en S-T-E-R-K wees.
En hy kry 'n ...







...uitstekende plan!

Elke dag eet hy baie kos. Hy word breër ...
Hy help om stukkies en brokkies in die miernes te skuif.
Hy word sterker ...
Hy drink drankies om sy spiere op te bou. Hy word langer ...
Hy doen opstote, opsit- en opligoefeninge.
Hy word vinniger ...
Hy tel gewigte op. Hy word fiks.



Uiteindelik … Afro Mier lyk fantasties …
Maar …
… by die skool val die snoepietoonbank inmekaar …
… in die ry trap hy op tone …
… in die klaskamer breek hy die stoel …
… en die busrit huis toe is baie stamperig.
Afro Mier is moeg daarvoor om sterk te wees,
hy is moeg daarvoor om swaar te wees,
hy is moeg daarvoor om groot te wees.
Hy het besluit om net … homself te wees!